SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 5 SEPTEMBER 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons die heengaan op Donderdag 2 September van Julius Lieberman, ZS6AF, as gevolg van 'n noodlottige hartaanval, moet aankondig. Julius het in die sewentiger jare 'n amateurradiowinkel in medewerking met Wild and Marr begin. Hy het later J Lieberman Electronics gestig en het sy besigheid in Pritchardstraat uitgebrei om die hele eerste vloer in beslag te neem. Dit het ontwikkel in 'n gereelde bymekaarkomplek vir radioamateurs tydens etensure en Saterdagoggende. Vir baie was dit die plek waar die radioamateurgogga hulle die eerste keer gebyt het. Vir baie besoekende amateurs, ook vanaf oorsee, was J Lieberman Electronics die eerste stop.

Julius het die eerste amateurradiomuseum in sy winkel begin. Toe hy in die negentiger jare na Wynberg verhuis het, het hy sy versameling aan die SARL geskenk. Hy was ook die dryfkrag agter die Radioamateur van die Jaartoekenning en 'n stigterstrustee van die SA Amateurradio-ontwikkelingstrust. Julius was 'n ware ondersteuner van die Suid-Afrikaanse Radioliga en 'n radioamateur in liggaam en siel. Hy sal baie gemis word deur sy familie en vriende. Mag hy in vrede rus maar mag sy nagedagtenis voortleef in ons gedagtes en harte.

(POUSE)

In die nuus vandag:

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE 2004 SARL HF FOONKOMPETISIE

VOLGENDE INTEGNET SLUIT AAN BY INTERNASIONALE RUIMTEWEEK

NUWE TYDGLEUF VIR PRESIDENT SE NET

BHF/UHF-KOMPETISIE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie

later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE 2004 SARL HF FOONKOMPETISIE

Die voorlopige uitslae van die 2004 SARL HF foonkompetisie is deur die kompetisiekomitee bekend gemaak. Die komitee het 38 logs vir die enkeloperateurkategorie, 1 log vir die multioperateurkategorie en 4 kontrolelogs ontvang.

Die uitslae vir die enkeloperateurkategorie is as volg: 1ste Barney, ZS4U, 191 punte; 2de Bud, ZS1B, 185 punte; 3de Hans, ZS6KR, 182 punte; 4de Gary, ZS5NK, 177 punte; 5de Ed, ZS6UT, 173 punte; 6de Jan, ZS4JAN, 167 punte; 7de Tjerk, ZS6P, 163 punte; 8de Vidi, ZS1EL, 160 punte; 9de Karel, ZS6WN, 149 punte; 10de Alan, ZS1AAX, 140 punte.

Multi-Operateur kategorie: 1ste Secunda ARK, ZS6SRC, 83 punte.

Die beste telling in 'n enkelband is deur Barney, ZS4U, aangeteken met 109 punte in die 40 meterband; hy is deur Donavan, ZS2DL, met 103 punte gevolg.

Die volledige uitslae is met HF Happenings No 112 uitgestuur. Baie geluk aan al die deelnemers.

VOLGENDE INTEGNET SLUIT AAN BY INTERNASIONALE RUIMTEWEEK

Die volgende Integnet sal deel uitmaak van die internasionale ruimteweek wat vanaf 4 tot 10 Oktober sal duur. Verskeie aktiwiteite word vir die week beplan wat met die bespreking oor APRS 'n hoogtepunt sal bereik. Die gasspreker sal Bob Bruninga, WB4APR, die vader van APRS wees. Reeds vanaf die begin van pakketradio in die laat sewentiger jare het Bob sagteware geskryf wat die aanpasbaarheid van pakketradio met die dinamika van intydse gebeurtenisse gekombineer het. Bob se jare van sweet met 'n verskeidenheid van rekenaarborde het 'n hoogtepunt bereik toe hy die ontwikkeling van die eerste uitgawe van APRS DOS in 1992 voltooi het.

Sluit aan vir 'n in diepte bespreking van APRS, die begin, die in en uit en sy satelliettoepassing. Die datum is 10 Oktober 2004. Klubs word versoek om vroegtydig reelings te tref om hulle herhalers te koppel en internasionale ruimteweek te vier met 'n opwindende APRS-bespreking. Om 'n koppeling te bespreek, stuur e-pos aan armi@sarl.org.za en meld u klub, herhaler en telefoonnommer wat gekoppel moet word.

NUWE TYDGLEUF VIR PRESIDENT SE NET

Na 'n bespreking tydens die onlangse SARL-Raad se telekonferensie is besluit om die volgende President se Net op 'n interaktiewe net, soortgelyk aan die gereelde Integnet, te hou. Die beplande tyd en datum vir hierdie Net is 20:00 SAT op Sondag 26 September en klubs word genooi om hulle herhalers aan die net te koppel. Meer inligting sal in 'n volgende bulletin verskaf word.

BHF/UHF-KOMPETISIE

Die tweede been van vanjaar se BHF/UHF-kompetisie vind oor die tweede naweek van nou nl. vanaf 12:00 SAT Saterdag 18 tot 12:00 Sondag 19 September plaas. Ons is reeds bewus van drie ekstra groepe wat gaan deelneem wat daarop dui dat belangstelling vir volgende jaar se kompetisie aan die toeneem is; 'n baie goeie teken. Terselfdertyd, maar apart van die foon en gelykgolfmodusse, gaan groepe ook kyk wat met digitale modusse gedoen kan word. So, die wat kan, wees ook daarop voorbereid en skerp julle vaardighede in daardie modusse op. Die hele naweek gaan weer, veral vir veldstasies, lekker pret wees.

NUUS VAN DIE QSL-BURO

Die QSL-Buro vra weereens dat lede moet sorg dat hulle genoeg A5-grootte self-geadresseerde koeverte met seëls by die buro het. Die seëls op die koeverte moet genoeg wees om 'n posstuk van 200 gram te dek, dit is tans R4,35 per koevert. Baie min lede het koeverte by die buro en die inkomende QSL-kaarte hoop op Besorg asseblief jou koeverte so spoedig moontlik by die buro.

RADIOTEGNOLOGIE IN AKSIE VIDEO

Eddie, ZS6BNE, het 'n video van die verwelkomingspraatjie van Graham, ZS6GJH, en ook sekere van die voorleggings. Die video loop ongeveer 2 uur. Enigiemand wat 'n kopie op CD of band wil hê, kan vir Eddie, ZS6BNE, kontak per telefoon by 073 644 5005 of per e-pos aan zs6bne@webmail.co.za. Die koste is ongeveer R50,00 wat kopiëring en posgeld dek.

SARL PRESIDENT BESOEK DIE WES-KAAP

SARL President, Graham Hartlett, ZS6GJH, gaan op uitnodiging van die Boland Amateurradioklub die Wes-Kaap op 18 September besoek. BARK hou op daardie dag 'n kort ledevergadering en het dit gepas gevind om die President van die SARL uit te nooi om die vergadering by te woon.

BARK nooi graag ALLE amateurs wat lid van enige van die radioklubs in die Wes-Kaap, of lid is van die SARL is, uit om die vergadering by te woon. Die vergadering sal in die Natuurreservaat van die Boland Landbouskool naby die Paarl plaasvind en sal om 11:00 begin. Na afloop van die verrigtinge sal daar gesellig rondom die braaivleisvure verkeer word.

SA AMATEUR TEGNOLOGIEINSTITUUT SE AJV

Die SAATI algemene jaarvergadering word vir Saterdag 25 September by die Alkantrant Assosiasie van Klubs op die hoek van Lynburn- en Meiring Naudestrate beplan. Dit sal die vorm van bring en braai aanneem en sal om 12:00 middag begin. Laat asseblief vir Richard, ZR6CK, by 012-333-0612 of Ams, ZS6YV, by 012-664-3629 weet as u beplan om die vergadering by te woon. Besprekings sal hoofsaaklik om die pad vorentoe handel.

NOMINASIES VIR DIE RADIOAMATEUR VAN DIE JAARTOEKENNINGS INGEWAG

Die Suid-Afrikaanse Amateurradio Ontwikkelingstrust en Siemens Telekommunikasie rig 'n uitnodiging vir nominasies vir die 2004 Siemens Radioamateur van die Jaartoekennings. Daar is twee kategorieë waarin persone wat 'n besonderse bydrae tot amateurradio in Suid-Afrika gemaak genomineer kan word. Dit is die Radioamateur van die Jaartoekenning en die Jong Radioamateur van die Jaartoekenning. Die eerste kategorie is oop terwyl die tweede beperk is tot persone onder die ouderdom van 25 jaar. Die wenners sal elkeen 'n kontantprys van R1 000 en 'n sertifikaat ontvang. Wenners buite die Gautengarea sal voorsien word van 'n retoervliegtuigkaartjie en verblyf.

Die toekennings erken tegniese innovasie en die bevordering en ontwikkeling van Amateurradio. Aktiwiteite soos die reël van 'n openbare geleentheid of 'n DX-pedisie kwalifiseer vir 'n nominsaie. Die toekenning word nie gemaak vir persoonlike prestasies soos om 'n kompetisie te wen of 'n DXCC nie. Nominsaievorms kan verkry word deur 'n e-pos te stuur aan saardt@intekom.co.za. Nominasies sluit op 30 September 2004. Nominasievorms kan ook by die nuwe Suid-Afrikaanse Amateurradio Ontwikkelingstrust se webwerf www.amateurradio.org.za afgelaai word.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Aangesien Kobus, ZS6KOB, uitstedig is, het ons in die ARRL se nuusbrief gaan loer wat hul kundige Tad Cook, K7RA, te sê het, en hy sê: Sonvlekgetalle en sonvloedwaardes het gedaal teenoor verlede week. Die daaglikse gemiddelde sonvlekgetal het met byna 50 tot 27,7 gedaal en die gemiddelde daaglikse sonvloed was meer as 23 punte laer. Geomagnetiese aktiwiteit het het op 30 en 31 Augustus toegeneem as gevolg van 'n middelmatige sonwindstroom.

Die voorspelde sonvloedwaardes vir Vrydag 3 September tot Maandag 6 September is 100, 105, 110 en 115. Dit word verwag dat 'n kruinwaarde van ongeveer 130 op 9 September bereik sal word.

Die planetêre A-indeks vir 3 - 6 September word voorspel as 15, 10, 10 en 10. Dit mag rondom 5 September hoër styg agv. 'n sonwindstroom vanuit 'n koronale gat. Dit kan ongestadigde tot aktiewe geomagnetiese toestande tot gevolg hê.

Sonvlekgetalle vir 26 Augustus tot 1 September was 44, 33, 28, 36, 30, 11 en 12, met 'n gemiddelde van 27,7.

DAGBOEK VAN GEBEURE EN HERINNERINGS

13 September: Sluitingsdatum vir indiening van HF-GG-Kompetisielogs; 18/19 September: BHF/UHF-kompetisie; 25 September: SAATI AJV; 30 September: Sluitingsdatum vir die Radioamateur van die Jaar Toekennings; 2 Oktober: Vlooimark by die Oos-Rand Radioklub; 7 Oktober: Tweede been van die SARL 80-meter QSO-geselligheid; 10 Oktober: Integnet; Betaal u SARL-lidmaatskapgeld; Maak 'n bydrae tot die fonds van die Suid-Afrikaanse Amateur Ontwikkelingstrust vir die SARL se IARU-lidmaatskap; Stuur artikels vir Radio ZS aan radiozs@sarl.org.za;

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees deur ..... vanuit ..... as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX